Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, August 13, 2023
Page: 16

# Maak hierdie deel van jou trouplanne

## Kontrak, goedere en aanwas speel als 'n rol in huwelike



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**



'n Huwelik is 'n gelukkige geleentheid, maar soms is dit ook nodig om tegnies te raak. | FOTO: ISTOCK

Ek glo almal wat oud genoeg is om aan trou te dink, sal weet van die keuses voordat hulle die knoop deurhak.

Maar weet almal van die finansiële gevolge?

Wat my betref is die regsvorm van 'n huwelik belangrik omdat dit finansiële gevolge het. Anders as dit nie veel meer nie.

Voordat ek daarby uitkom, is dit baie belangrik om kennis te neem van die definisie van "gade". Dit strek baie wyer as net 'n verwysing na mense wat formeel getroud is soos omskryf in die Huweliksgoederewet (Wet 88 van 1984).

Verskillende stukke wetgewing is oor die afgelope paar jaar aangepas om ook mense wat in saambly-verhoudings is as gades te definieer. Ons sien dit in byvoorbeeld belastingwetgewing, sowel as met erfopvolging. Selfs in gevalle van insolvensie.

Ek bepaal my vandag by die drie regsvorms soos omskryf in die Huweliksgoederewet: huwelike binne gemeenskap van goed; huwelike met 'n huweliksvoorwaardekontrak (HVK) ingesluit die aanwasbedeling; en huwelike met 'n HVK waarin die huweliksaanwas uitgesluit is.

### Huwelike binne gemeenskap van goed

Om hierdie huweliksvorm makliker te verstaan, dink aan: "Wat myne is, is joune en wat joune is, is myne."

Alle bates en alle skuld word saamgevoeg in een gemeenskaplike boedel. Daar is nie onderskeid nie. Elke party besit 'n 50%- onverdeelbare aandeel in die gemeenskaplike boedel. Onverdeelbaar beteken bloot niemand kan sê hierdie deel is myne en daardie deel joune nie.

By dood of egskeiding word die boedel eenvoudig in twee gedeel, sonder inagneming van die onderskeie bydraes van die twee partye.

By dood word die geheel van die boedel ook geadministreer as een boedel.

En, terloops, die eksekuteur mag sy tarief hef op die totale gemeenskaplike boedel.

Wat min mense weet, is dat daar tog bates uitgesluit kan wees van die gemeenskaplike boedel. Dit kan kragtens kontrak voor die huwelik uitgesluit word.

Ook geskenke en erfbates ontvang wat onderhewig gemaak is aan huweliksuitsluiting sal normaalweg buite die gemeenskaplike boedel val.

Wat belasting betref, word salarisse en byvoorbeeld pensioeninkomste belas in die hande van die gade wat dit ontvang.

Die nabelaste bedrag val in die gemeenskaplike boedel, anders as beleggingsinkomste waarop albei gades belas word, ongeag in wie se naam die belegging gehou word.

'n Groot risiko met hierdie huweliksvorm lê by skuld. Albei partye is ewe aanspreeklik vir skuld.

Sou een van hulle dus gesekwestreer word, word die ander outomaties ook gesekwestreer. Albei word dus insolvent verklaar.

En ek wil dit beklemtoon, want baie mense verstaan dit nie: Selfs bates wat deur skenking of erfenis verkry is met die voorwaarde dat dit uitgesluit is van die gevolge van 'n huwelik vorm in so 'n geval deel van die gemeenskaplike boedel. Kortom, as Pa 'n huis aan jou bemaak het wat uitgesluit is van die gemeenskaplike boedel en jou man of vrou het gaan skuld maak en raak insolvent, koebaai huis.

### Huwelike met 'n HVK ingesluit die aanwas

Die aanwas-bedeling is van toepassing op alle huwelike wat voltrek word ná 1 November 1984. Dit kan slegs uitgesluit word ingevolge 'n gesamentlike besluit deur die twee partye in 'n HVK.

Elke party behartig sy of haar boedel na goeddunke (tot by huweliksbeëindiging, hetsy deur dood of egskeiding).

Dan word die aanwas in elke boedel bereken. Die aanwas is die bedrag waarmee die netto waarde van die boedel by huweliksbeëindiging die netto waarde van die boedel by huweliksluiting oorskry.

Die party met die minste groei in waarde het dan 'n eis teen die ander party om die helfte van die verskil in waarde.

Dit is 'n persoonlike eis en kry voorkeur bo enige testamentêre bemaking.

Eise van skuldeisers word nie geraak nie, want net die netto waarde word in ag geneem (*kyk ook hieronder oor insolvensie*).

### Huwelike met 'n HVK wat die aanwas uitsluit

Kortweg beteken dit dat elke party sy of haar eie afsonderlike boedel behartig.

Daar is geen gemeenskaplikheid van bates nie en daar is geen aanwas nie.

Maar, weer, pasop vir skuld.

Die Insolvensiewet (Wet 24 van 1936) sluit in sekere omstandighede enige gade in, maak nie saak hoe hulle getroud is nie. En selfs mense wat saambly sonder om te trou, kan vir mekaar se skuld aanspreeklik gehou word.

Dit is 'n bekende truuk om wanneer 'n persoon gesekwestreer word, voor te gee dat al die bates eintlik die bates van die solvente gade is om bates buite bereik van skuldeisers te hou.

Maar die wet laat toe dat bates van die solvente gade (of lewensmaat as hulle nie wetlik getroud is nie) in ag geneem kan word asof daardie party ook gesekwestreer is.

Die gade wie se bates in so 'n geval vestig in die meester van die hof of 'n trustee van die insolvente boedel sal bewyse moet voorlê oor hoekom sy of haar bates nie ingeneem moet word nie.

Sou daardie bates byvoorbeeld verkry gewees het tydens die bestaan van die huwelik, sal die solvente gade bewys moet lewer dat die insolvente gade nie daarvoor betaal het nie.

Kortom, bly liewer weg van skuld. En as jy met 'n HVK getroud is, hou boek van jou eie bates verkry en wie daarvoor betaal het.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

## Belasting: marginaal vs. gemiddelde koerse

**Nog raad**

'n Leser het die afgelope week 'n navraag gehad oor die belastingkoers waarna ek in 'n vorige rubriek verwys het.

"My ou vriend, ek dink die belastingberekening van feitlik alle finansiële adviseurs wat 45% as gemiddelde gebruik, kan tot verkeerde belastingbeplanning lei en verdien aandag op jul vlak."

Ek is bevrees jy verwar die gemiddelde koers met die marginale koers. Nooit en nêrens het ek na 'n gemiddelde koers van 45% verwys nie.

Ek dink ook nie enige finansiële raadgewer met meer as 'n ertjiedop vir 'n brein sal dit doen nie.

Ons verwys na die marginale koers (wat tot 45% kan wees). Dit is uiters belangrik wanneer jy oor beleggings praat.

Byvoorbeeld, jou belasting op 'n belasbare inkomste van R1 817 000 is R644 489 of 35% gemiddeld.

Maar op elke rand belasbare inkomste wat meer is as dié bedrag (jou beleggingsgroei) betaal jy teen 45% marginaal.

Wie wil dan tot 45% belasting betaal op byvoorbeeld rente- en huurinkomste as hy net 30% hoef te betaal? Of tot 18% kapitaalwinsbelasting as hy net 12% hoef te betaal?

Dis die verskil. Dit is hoekom die marginale koers belangrik is. En hoekom dit beter is om 'n finansiële raadgewer te ken.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.